

Donderdag 7 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 15:1-7

Fokusgedeelte: Romeine 15:7

Die evangelie wek eensgesindheid!

Ons word in hierdie gedeelte aangemoedig om eensgesind te wees. Tog weet ons as gelowiges hoe moeilik dit is om hierdie eensgesindheid in 'n gemeente na te jaag.

Die wêreld hou twee maniere voor oor hoe ons hierdie onmin moet hanteer. Tot nog onlangs was dit die gebruik dat indien jou groep van oortuiging was dat julle die volle waarheid ken en iemand anders dan nie met jou saamstem nie, word die bande gebreek. Dit was 'n tipe magspeletjie. Doen wat ek sê of ... Die moderne wêreld hanteer die saak bietjie anders. Hulle meen dat niemand die volle waarheid ken nie en daarom moet ons mekaar se opinies aanvaar. Jy mag nie krities wees of iemand negatief evalueer nie. Niemand kan sê dat 'n sekere leer beter of slegter as 'n ander is nie. Indien jy nie saamstem nie, is jy gevaarlik en word jy so half uitgewerp. Daarom is dit ook 'n magspel.

So die wêreld se manier om hierdie twee groepe te hanteer, kom altyd op dieselfde neer. Mag! Die sterker een wen. Die een met die meeste stemme of beste oorredingsvermoë wen. Hierdie gesindhede dryf mense en groepe net nog meer uitmekaar. Daarom sê Paulus: "Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg."

Ten spyte daarvan dat ons sondaars was, wat eintlik net vervloeking verdien, het Christus met ons in 'n verhouding kom tree. Hy het afgebuk tot op ons vlak om te verstaan hoekom ons doen en sê soos wat ons doen (vgl. Heb. 4:15). Christus het medelye met ons. Hy doen alles in sy vermoë om ons verhouding met Hom te herstel. Om ons uit hierdie sondige blindheid los te skeur.

Daarom moet ons ook mekaar se hande vat, al stem ons nie met mekaar saam nie. Ons moet mekaar help om die sonde raak te sien. Ons moet dit doen met dieselfde geduld en genade as wat ons in Christus ontvang.

Sing: Psalm 111-2:1, 2

Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)